

# ETIEK AS APOLOGETIEK

D.A. du Toit

Die tradisionele beeld en rol van die etiek as teologiese wetenskap is vin-nig besig om te verander saam met die wêreld waarin ons leef. Enersyds gaan dit om die feit dat die eise en uitdagings aan die etiek steeds veeleisender en meer militant word, beide vanweë die beeld van "die kerk" én die onbeskroomdheid van die mondige mens van hierdie eeu wat met allerlei nuwe tegnologiese en ander moontlikhede in sy hand staan. Andersyds het die etiek self 'n nuwe fase betree wat beide opwindend en gevaarlik is, ook in sy verhouding met die ander teologiese vakgebiede.

## Ensiklopediese verskuiwing

Die verband van die etiek met ander teologiese dissiplines, veral ekse-gese, dogmatiek en pastoraat, was nl. altyd 'n vanselfsprekende saak, al was dit dan ook so dat hierdie verband nie in alle gevalle bevredigend of grondig genoeg aangetoon en uitgewerk was nie. In ander gevalle, veral t.o.v. antropologie en apologetiek, het daar dikwels nie veel van 'n ver-band geblyk nie.

Dit is bekend dat die teologiese etiek in die verlede dikwels 'n sterk ondergeskikte plek in die ry van teologiese wetenskappe ingeneem het, soos onder andere blyk uit die leerplanne en publikasies uit die verlede. Dit wil egter nou voorkom of die beslissende teologiese gebeure skynbaar al meer op die terrein van die etiek plaasvind (vgl. die aborsie-debat in die V.S.A., die sosiale betrokkenheid van ekumeniese kerklike organi-sasies, die kernwapen-debat in Europa, die feminisme, proefbuisbabas, homoseksualiteit, die Belhar-belydenis, ens.) Dit het die gevolg dat die tegniese en etiese eise van die praktyk die tendens het om nie alleen die agenda van die dogmatiek te bepaal nie, maar dit selfs ook inhoudelik te wil voorskryf en self oorskryf. Binne 'n baie kort tyd het die etiek van die posisie van die stiefkind gestyg tot 'n posisie waaruit hy maklik die ander teologiese wetenskappe kan oorheers en selfs tiranniseer.

In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat die korrekte verband tussen dogmatiek en etiek duidelik uitgespel moet word as 'n wesenlike en onlosmaaklike lewensaar. Die suiwer handhawing van hierdie verband behoort ook die band tussen etiek en eksegeese te vrywaar van verskil-lende vorme van verwording. Tussen etiek en pastoraat bestaan daar ook altyd die gevaar van grens-oorskryding, veral van die kant van die

pastoraat wat uit die eise en dilemmas van die praktyk in die versoeking kom om bepalend en konstitutief op die etiese norm te wil inwerk.

Hoewel dit alles in 'n nuwe konteks nuwe eise stel, het dit nie met 'n nuwe saak te make nie. Dit is egter wel die geval waar die etiek homself soos tans al meer in die posisie van die apologete vir die Christelike geloof bevind. Omstredende sake wat die nuusberigte en korrespondensiekolomme haal, is vandag byna deur die bank etiese aangeleenthede. In die onlangse verlede was daar die debat rondom die Ontugwet en Gemengde Huwelike, politieke en burgerlike regte, abortie, proefbuisbabas, bonusobligasies, egskedings en andere. In hierdie debatte, waarby dit veral van die etiek verwag word om te reageer, gaan dit sonder uitsondering ook om die verdediging van die grondwaarhede van die Christelike geloof. Daarmee het die etiek in 'n groot mate, in elk geval sover dit blootstelling, frekwensie en kwantiteit aanbetref, fakties die rol van die apologetiek in die teologie oorgeneem.

Dit is nie duidelik hoedat die etiek hieraan sal kan ontkom nie. Dit is egter wel noodsaaklik om enkele van die konsekwensies daarvan onder die oë te sien.

### **Verruiming en Integrasie**

Die aard van die moderne etiese problematiek het aanleiding gegee tot die ontdekking van die noodsaak van multi- en interdisiplinêre kontak en samewerking. Ongelukkig is dit nou een van die sake waarvoor almal in die teorie klaarblyklik baie entoesiasies is, maar wanneer dit by die daad kom, word dikwels nog gestuit op vrees, geslotenheid en 'n afwerende onwil. Die feit is dat baie vakbeoefenaars nog wil vashou aan 'n absolute eie-wetlikheid en nie maklik "inmenging" duld nie. By andere weer is daar 'n neiging tot eenrigting-verkeer, waarin alleen die eie vakgebied se feite of teorieë aan ander deurgegee word, maar nie werklik ruimte bestaan vir die ontvangs, verwerking en integrasie van ander vakgebiede se feite of teorieë nie. Daarbenewens sit ons nog steeds met die uiters ongelukkige toedrag van sake waarby onder andere druk van praktiese eise, spesialisasie en die noodsaak van die opleiding van veral tegniese geskoolde arbeidskragte, die verskynsel van vak-idiote eerder toeneem as verminder. Met vak-idiote word bedoel mense wat soveel as moontlik in een bepaalde vakgebied spesialiseer met die bykans volledige uitsluiting van die breër spektrum van navorsing en kennis.

Die moderne problematiek toon egter onteenseglik aan dat elke vak- en navorsingsgebied met bepaalde norm- en waarde-oordele gekonfronteer word wat onontwykbaar is en almeer ook deur die gewone publiek as sodanig beleef word: die tegniese en natuurwetenskappe (be-

soedeling, omgewingsbewing, bronne-benutting, tegnologiesering, rekenarisering), die mediese wetenskap (menslike lewe en die reg tot ingryping daarin, proefbuisbabas, genetiese manipulasie, aborsie, sterilisasie, kunsmatige inseminasie, genadedood, orgaan-oorplanting, ens.), die ekonomiese wetenskappe (lone, vakbonde, welvaartsverdeling, stakings, ens.), en die politieke en regs-wetenskappe (burgerlike regte, maatskaplike geregtigheid, veiligheidswetgewing, die rol van polisie en geregshowe, diensplig ens.). Daar is geen vakwetenskaplike van die moderne tyd wat nie binne die grense van sy vakdissipline met norm- en waarde-oordele gekonfronteer word nie. Hy is gedwing tot sodanige beslissings: ook die vak-idiot wat nie formeel met die etiese iets te make wil hê nie.

Dit alles bied aan die etiek 'n radikale verruiming van sy veld en opdrag. Benewens die tradisionele werksaamhede word in toenemende mate van die etiek nou ook verwag 'n grondige kennis van die ontwikkeling en moontlikhede van die moderne tegniek en wetenskap, 'n tred hou met feitelik bestaande en beoogde eksperimentering, 'n insig in die druk wat op tegnici en wetenskaplikes uitgeoefen word, en in die soms pynlike dilemmas waarin die praktyk die dokters, die ekonome, die ingenieurs en die wetgewers plaas. Indien die etiek hierdie uitgebreide opdrag verontagsaam, is die gevolg onvermydelik irrelevantie, ongeloofwaardigheid en die skepping van 'n vakuum wat deur geen ander teologiese wetenskap gevul kan word nie. Dit moet terloops ook duidelik wees dat dit nie maar net gaan om die spektrum van teologiese wetenskapsbeoefening nie, maar inderdaad ook om die voile wydte van kerklike en pastorale verkondiging en betrokkenheid by die lidmaat van die twintigste eeu.

Hierdie ontwikkelinge bring die etiek onwillekeurig egter ook in die posisie van die integrasiepunt van die verskillende wetenskappe, dood-eenvoudig omdat die gemeenskaplike saak die etiese norme en waardes is wat deur die sake self op die voorgrond gestoot word. Dit bied aan die etiek 'n wonderlike geleentheid, maar is tegelyk ook 'n sware verantwoordelikheid omdat geen saak op 'n ligtelike wyse bloot êrens aan die etiese kapstok gehang mag word nie. Integrasie beteken nie alleen maar 'n etiese stempel op die norm-probleme van 'n bepaalde vakgebied nie. Dit beteken ook nie 'n verbandlose betrokkenheid van die etikus wat dan afwisselend in mediese, tegniese, regs-wetenskaplike of ekonomiese situasie-etiek of kasuïstiek verval nie. Ten diepste is dit 'n soeke na 'n vaste struktuur wat nie op grond van 'n houding van etiese relativisme of sinisme kragteloos gemaak kan word nie. Hierdie saak is van die allergewigtigste belang, want daarvan hang volledig af die vermoë van die etiek om werklik 'n relevante, betekenisvolle en geloofwaardige integra-

siepoint te wees vir die etiese besinning wat t.o.v. alle vakrigtings noodsaaklik word.

## Antropologie

Met 'n vaste struktuur word nie bedoel 'n skoolse en geslote denkmodel nie. Daarmee word binne ons konteks veeleerder bedoel die *erkenning* (en nie die ponering of fabrisering nie) van bepaalde onontwykbaarhede relevant tot etiese besinning en beslissing. Die grondslag daarvan is die siening van die mens. Dit gaan hierby nie om 'n irrasionele en onkontroleerbare "geloofsbeslissing" nie, maar doodeenvoudig om die feite van die saak.

Dit is egter waar dat die antropologie saam met die etiek (en selfs nog meer) vir baie lank die stiefkind van die teologiese vakbeoefening was. Die historiese agtergrond van hierdie kombinasie moet deels verantwoordelik gehou word vir vele van die probleme waarmee ons vandag sit. Die noodsaak van 'n indringende studie van die antropologie vir die etiek word daarmee tog wel duidelik onderstreep. Die eise van die tyd stel egter ook veel meer vrae aan die antropologie as wat die tradisionele aanpak van hierdie vak ooit kon bied.

Vir die beoefening van die etiek m.b.v. die antropologie is dit van die grootste belang dat ons naas die tradisionele normatiewe antropologie ook veel meer studie sal wy aan die fenomenologiese oorskou van die moderne mens met al die belangrike feite- en kennismateriaal uit die filosofie, sosiologie en sielkunde. As die etiek (as apologetiek!) in finale instansie ook 'n effektiewe appél wil uitoefen, is dit noodsaaklik dat dit sal geskied op die basis van 'n goeie begrip van die fenomeen mens in hierdie tyd. Dit beteken egter ook 'n goeie begrip van al die kultuur-historiese faktore, magte en strominge wat daartoe bygedra het dat ons vandag inderwaarheid in vele opsigte van 'n nuwe menstipe moet praat. Hierdie menstipe is nie alleen beslissend gevorm in die praktiese gestalte van sy lewenstyl nie, maar eweneens, en verreikend selfs, in die norm-gestalte van sy lewensfilosofie. Om dit alles te ignoreer, sou beteken om die adres van die etiese appél te ignoreer. Natuurlik beteken dit geensins dat die tradisionele normatiewe antropologie in 'n ondergeskikte rol gedruk word nie. Daarsonder sou die fenomenologiese antropologie inderdaad sinloos wees vir die doeleindes van die etiek. Die etiese appél is juis volledig begrond in die prinsipiële korrektiewe werking van die normatiewe antropologie. Dit is bv. juis opvallend dat die fenomenologiese oorsig ons vandag 'n menstipe toon wat in sy praktyk en filosofie blyke gee van 'n erg gekompartementaliseerde opvatting en van eensydige en gevaarlike reduksies wat alleen só kon ontwikkel in die afwesigheid van

die normatiewe antropologiese uitgangspunte.

### **Normatiewiteit en rasionaliteit**

Die gedagte dat daar 'n onoorbrugbare kloof en spanning tussen normatiewiteit en rasionaliteit bestaan, kom steeds voor. Hiervolgens is alleen een van twee moontlikhede beskikbaar: óf die etiese norm word van bo en buite opgelê aan die situasie en is in wese nie rasioneel deursigtig nie, óf die etiese norme kom uit die rasionele aard van die mens op en is in wese deursigtig vir die rede. In eersgenoemde geval sou normhandhawing alleen kan berus op 'n eksterne mag en gesag waardeur dit afgekondig word, en in die tweede sou dit alleen kan berus op 'n kollektiewe redelike toetsing en appél. Wat die beoefening van die etiek betref sou eersgenoemde alleen 'n "openbaring" as enigste norm en bron kon hê terwyl laasgenoemde 'n etiese metodologie sou ontwikkel wat berus op die analitiese ontdekking van alternatiewe waartussen 'n keuse gemaak moet word.

In die oplossing van hierdie skynbaar onoplosbare dilemma lê een van die dringendste take van die etiek opgesluit. Daar is ook 'n historiese belasting van hierdie teenstelling wat ernstig stremmend werk op nuwe perspektiewe, veral omdat dit in die geskiedenis ook nog langs konfessionele lyne geloop het. Die moontlikheid wat kombinerings van rasionaliteit en normatiewiteit gevind het in bv. die natuurlike teologie en die natuurlike etiek, was juis deur die Thomistiese agtergrond daarvan teenoor die eiesoortige gereformeerde teologiese struktuur nie ernstig opgeneem nie. Daarbenewens was daar immers nog steeds die konsep van die algemene genade waarmee die belangrikste verskynsels verklaar kon word.

In die teenswoordige debat word hierdie beginsel van rasionaliteit op 'n nuwe wyse verbind met die geskiedenis, die wetenskap en die kultuur. Daarteenoor is daar juis ook in die sterk sekularistiese tyd waarin ons leef 'n herontdekking van die eeue-lange neerslag van die Christelike sêde in gebruike, gewoontes, regstelsels en so meer, 'n neerslag wat tog ook op 'n bepaalde manier die gestalte van die etiese rasionaliteit van ons dag help vorm het! Hieruit blyk alreeds hoe belangrik dit is dat die etiek (as "apologetiek") die kwessie van die verband tussen normatiewiteit en rasionaliteit só sal hanteer dat eensydighede nie die krag van die etiese appél sal neutraliseer nie. Dit is opvallend dat juis die jeug van ons dag 'n sterk aanvoeling het vir 'n rasionele benadering wat nie alleen die rasionaliteit van die Skrifnorme ontdek nie, maar ook die normatiewiteit van die reeds gevormde etiese rasionaliteit van ons dag.

Een van die gevare verbonde aan hierdie onderneming is dat uitgegaan sou kon word van die aanname dat die rasionaliteit van die

etiese appél die onvoorwaardelike daarvan sou vervang met 'n sekere opsionaliteit, wat van die anderkant gesien dan niks anders sou wees as 'n bedekte vorm van die sondige outonomie-strewe van die mens nie.

In hierdie verband is dit ook noodsaaklik om te besef dat rasionaliteit in verskeie moeiliker herkenbare gestaltes voortdurend neig om die suiwerheid van die etiese probleemstelling te ondermyn. Dit word dan aangebied as vaste aksiomatiese en ondebatteerbare vertrekpunte. Voorbeelde hiervan is bv. demokrasie (in die politieke etiek), lyding (in die bio-etiek) en persoonsbevreëding (in die huweliksetiek). Duidelikheid en suiwerheid van omskrywing is in hierdie verband dringend noodsaaklik as die gereformeerde etiek nog iets van die positiewe rasionaliteitsbeginsel wil behou.

### **Sonde en genade**

Hiermee het ons by een van die basiese probleemfasette van die hedendaagse etiek-beoefening uitgekóm. Dit hou ongetwyfeld verband met die historiese verloop in die jongste dekades, toe die etiek as vakwetenskap homself almeer begin emansipeer het van die breë teologiese ensiklopedie in die algemeen, maar van die dogmatiek in die besonder. Hiervolgens het 'n siening ontstaan wat die etiek eerder na die sfeer van algemeen-menslike verskynsel van sedelikheid en normwerking wou verplaas, en daar al meer 'n vraagteken geplaas is oor die eiesoortigheid van 'n christelike etiek. In hierdie proses is die normkarakter van die christelike etiek ten koste van 'n breë rasionaliteit in 'n belangrike mate laat vaar en daarmee saam ook die antiese-karakter van die christelike norm. Hoeseer 'n nuwe benadering oor die verhouding tussen normatiewe en rasionaliteit ookal dringend geword het veral in die lig van die apologetiese taak van die etiek, is dit 'n onbewese aanname om te dink dat dit noodwendig nou moet beteken dat alle antiseses opgehef moet word.

Op beginselgrondslag sou die antiese tussen sonde en genade nooit opgehef kon word nie. En dit is nou juis op hierdie punt dat die behoud van die verband tussen etiek en dogmatiek so dringend noodsaaklik is. Iemand wat nie die diepte en erns van die sonde, die skuld van die mens en sy volkome doemwaardigheid voor God besef nie, sal ook moeilik instaat wees om die diepte en omvang van God se genade te besef. Daarom is die diepste teologiese basis van die etiek 'n *kruis*-teologie, en daarom is die essensie van 'n verantwoordelike sedelike lewe nie in die eerste plek die hou van bepaalde reëls oor moets en moenies nie, maar 'n lewe wat gewortel is in die egtheid en diepte van 'n *geloof*slewe wat deur die proses van skuldbesef, berou, belydenis en

vergifnisaanvaarding heen deur gegaan het. Geen kwantiteit van rasionaliteit en multi-dissiplinêre opbou kan hierdie element van 'n egte christelike lewe vervang nie. En daarom is die diepste en ernstigste vraag van die etiek nie die vraag: Wat mag ek doen? nie, maar die vraag: Wie is ek?

## Skrif en metodologie

Dit maak natuurlik van die etiek 'n uiters riskante saak. Indien dit dan waar is dat die etiek almeer die feitelike rol van die apologetiek oorneem, en die versoeking van rasionaliteit daarom al sterker word tesame met die gevaar om beslissings af te wentel op die tegniese en ander wetenskaplike gegewens wat so 'n rasionaliteit in multi-dissiplinêre samewerking vereis, is dit begryplik dat die rol van die Skrif as God se onfeilbare openbaring almeer in die gedrang sal kom. Alreeds sonder al die etiese problematiek is daar al sprake van 'n Skrifkrisis, maar dit kan nie ontken word nie dat juis die moderne etiek hierdie krisis in 'n besondere mate verskerp het.

Dit is in die lig daarvan dan ook begryplik dat die skerp kante van die openbaring 'n irritasie sal vorm wat op een of ander wyse uitgeskakel sal word deur sommige van diegene wat die rasideel-apologetiese karakter en rol van die etiek ernstig neem. En in die lig hiervan sal baie fyn onderskei moet word in die soeke na 'n legitieme etiese metode.

Miskien sal 'n praktiese (en klassieke) voorbeeld beter illustreer wat bedoel word. T.o.v. huwelik en egskeiding is daar tradisioneel twee weë wat gevolg word: enersyds is daar diegene wat, hoewel hulle nie die Skrifgesag openlik verwerp nie, dit tog relatiewe deur die keuse vir 'n algemene rasionaliteit wat berus op allerlei sielkundige en maatskaplike analises, en wat dan op hierdie wyse 'n *algemene* legitimiteit aan die praktyk van egskeiding verleen. Geen poging word aangewend om hierdie posisie met die Skrifuitsprake te versoen nie. Andersyds is daar diegene wat die uitsprake van die Skrif wel deeglik ernstig *wil* neem, maar onder druk van die geweldige omvang van praktiese probleme verlei word tot 'n bepaalde harmoniserende etiese tegniek en metodologie wat kortliks as die "Nee, maar ..." -benadering beskryf sou kon word. Daarmee word bedoel dat 'n skynbaar absolute verbod van die Skrif op 'n bepaalde wyse "gebalanseer" word deur sogenaamde uitsonderings wat in die gebroke en sondige wêreld ontstaan. Dit is duidelik dat dit ongetwyfeld sterk beweeg in die rigting van etiese relativisme — iets wat nóg die wens nóg die bedoeling van hierdie groep is.

Vandat dit duidelik geword het dat egskeiding op grond van die Skrif nooit en nêrens as "God se wil" voorgestel sou kon word nie, en

dat dit al moeiliker word om enige een van die sogenaamde egskeidings-“gronde” in die lig van die Skrif te handhaaf, het die dilemma van die “Nee, maar ...”-benadering ook duideliker navore getree. Eksegeties word dit al moeiliker houdbaar; eties neig dit na relativisme en die ontkenning van ware etiese verantwoordelikheid; dogmaties berus dit op ’n verwringing van die verband tussen sonde en genade, en pastoraal het dit saam met ’n vervlakking van die geloofslewe prakties gelei tot ’n vermenigvuldiging van die nood op persoonlike, huweliks- en gesinsvlak. Van al hierdie sake kan nou alleen op die etiese metodologie self ingegaan word.

Wanneer die duidelike gebod van God (die Nee) op enige wyse gebalanseer word met allerhande uitsonderings (maar ...) kan dit nie anders as dat dit op relativisme sal uitloop nie. Van al die gronde wat vir hierdie stelling aangevoer sou kon word, is die belangrikste miskien die feit dat sowel die sonde-genade-verhouding as die sedelike verantwoordelikheid van die beslissende mens verduister word. Die feite is doodgewoon dat so ’n etiese meganisme die sonde nie alleen as ’n normkonstituerende element inbou in die etiek nie, maar dit boonop nog voorstel as normaal (vgl. die rol van statistieke) en, wat waarskynlik die ergste is, dit ’n sekere voorrang bo die genade gee. Dit is juis op hierdie punt wat die skokkende kloof wat soms in die praktyk tussen etiek en dogmatiek bestaan, na vore tree. Wanneer ons *teoreties* besig is met Christus se kruisdood en sy versoeningswerk, bevestig ons met vrome oortuiging die belydenis dat hy die sonde oorwin het, dat God se genade sterker as die sonde is, en dat ons op grond daarvan opgeroep word tot ’n volgehoue volharding en stryd teen die sonde in die geloof dat God ons dan ook die oorwinning mag gee. Maar wanneer ons in die *praktyk* met bepaalde huweliksprobleme gekonfronteer word, kapituleer ons al te maklik voor die sondige werklikheid. Dit is duidelik dat ’n bepaalde etiese metode ’n ernstige bedreiging inhou vir ons belydenis algaande sonde en genade.

Andersyds lei dit ook tot ’n ernstige inperking van die sedelike verantwoordelikheid van die beslissende mens as die “Nee, maar ...”-konstruksie die verbod van God balanseer met allerlei uitsonderings en dit nie alleen juridies by wyse van wetgewing nie, maar ook kerklik by wyse van amptelike besluite of bloot deur die kerklike praktyk gesanksioneer word. Dit skep die moontlikheid dat die sedelike subjek feitlik beslissingsloos en pynloos die weg van uitsonderings opsoek. Hy hoef dan immers nie meer persoonlik met die uitdruklike gebod van God te worstel nie, want die kerk het dan reeds klaar namens hom besluit dat hierdie gebod in “bepaalde gevaile” straffeloos oortree kan word. En indien sý omstandighede klop op een van hierdie vooraf geformuleerde uitsonderings (of



in 'n mindere of meerdere mate aangepas kan word om te klop) hoef hy hom nie eens voor God te verontmoedig nie. Dit moet sonder meer duidelik wees waarom dit uiteindelik sal lei tot 'n ongelooflike vervlakking van die sedelike en godsdienstige lewe van die mens. Boonop kry die "uitsonderings" almeer die onuitgesproke kwalifikasie van "dit is in orde" en uiteindelik "dit is God se wil." Dit is dan nie langer duidelik dat die huwelik staan in die teken van die genade (God se wil) en die egskeiding in die teken van sonde (God se oordeel) nie. Wat t.o.v. die huwelik en egskeiding geld, geld natuurlik t.o.v. allerhande ander etiese kwessies.

### **'n Nuwe weg?**

Indien die noodsaaklike elemente, nl. die onversoenbaarheid van sonde en genade, die beslissingsverantwoordelikheid van die sedelike subjek, die duidelike gesag van die Goddelike Woord en gebod, en die egtheid, geïntegreerdheid en diepgang van die geloofsewe as basiese vertrekpunte geneem word, moet dit noodwendig aanleiding gee tot 'n ander etiese metodologie.

In hierdie benadering moet die uitgangspunt op gereformeerde grondslag die duidelike gebod van God wees. As dit op grond van die Skrif blyk dat God 'n duidelike NEE sê (bv. t.o.v. egskeiding) mag daar ter wille van die waarheid nie 'n komma na die NEE geplaas word nie. God se geopenbaarde wil en dus ook die enigste algemene etiese reël is die NEE. Enige poging om enige uitsondering te omskryf in terme van 'n *algemene* uitsondering ("in hierdie gevalle") verleen onmiddellik die status van 'n algemene etiese reël aan hierdie uitsondering wat dan lei tot 'n neutralisering van die skerpheid van die verbod. Want teenoor hierdie ongekwalifiseerde verbod word nou 'n balanserende of selfs opponerende "beginsel" of entiteit geplaas wat die verbod in sy diepste karakter aantast en degradeer tot 'n blote riglyn tussen andere.

Hierdie aantasting het egter verreikende gevolge, omdat die NEE, die gebod van God nie 'n "harde woord" van moralisme is nie, maar juis gegee is met die oog op die welsyn van die mens en 'n "woord van lewe" is. Wie die gebod relativer, relativer daarmee ook 'n stuk heil wat God vir die mens beskik.

Daarmee word die realiteit van die sondige en gebroke werklikheid nie ontken nie, maar juis in sy ware gestalte aangetoon. Egskeidings is nie maar bloot die ongelukkige sameloop van omstandighede waarby almal betrokke alleen die tragiese slagoffers van sake buite hulle beheer is nie. Intendeel, dit staan in die nouste verband met die sonde en harde harte wat dit geskep het. Dit beteken dat verbrokkelende huwelike met

'n grimmige vasberadenheid en met geloof in die beloftes van God nie maar gelate aanvaar word nie: agter die NEE staan 'n punt en nie 'n komma nie. Daarom is die aangewese weg die moeilike een, die weg van worsteling en stryd met die ander en met die self, die weg van self-verloëning en vergifnis, die weg van 'n weiering om te misluk, die weg van versoening en huweliksherstel.

Nou weet ons egter dat, alhoewel baie huwelike op hierdie wyse gehelp word op 'n weg na herstel of minstens tot aanvaarding van minder volmaakte omstandighede, daar nog steeds die uitsonderings oorbly, die (bona fide-probleemgevalle) wat selfs na ons alles, maar dan ook *alles* gedoen het met behulp van alle relevante deskundiges en hulpmiddels, klaarblyklik só stukkend is dat daar niks anders oorbly as egskeding nie.

Hierdie egskeding (op grond dan van die totale situasie van die egpaar en nie bloot op bepaalde gerieflike "gronde" of implikasies nie) verander egter nie God se NEE in 'n JA nie. Wanneer hierdie punt bereik word, moet dit duidelik wees dat dit juis vanweë die pastorale bemoeienis en die verkondiging van God se wil is dat egskeding nooit as 'n oplossing en allermins as 'n maklike uitweg gesien sal kan word. Dit bly altyd 'n ramp, 'n amputasie en 'n diepgrypende godsdienstige trauma, want ook wanneer dit as onvermydelik aanvaar word, bly die NEE onverkort gehandhaaf. Die gelowige kan dus alleen daardeur kom met 'n grondige geloofsworsteling, met gebed en verootmoediging, met skuldbelydenis en vergifnis aanvaarding. En dit is iets totaal anders as die maklike en ligtelike egskeding op bepaalde "gronde" wat alreeds deur die kerk gesanksioneer is en geen noodsaak meer inhou om werklik te weet wat sonde en genade is nie.

Dit gaan ten slotte om 'n ontmoeting met sonde en met genade, en dus met die lewende God wat toorn oor die sonde en oneindig in sy barmhartigheid is. Daarmee word die weg geopen tot 'n egte sedelike lewe en tot die moontlikheid van grondige etiese beslissingsverantwoordelikheid wat gewortel is in die persoonlike geestelike diepgang van geloofsbeleving.

Teenoor die hedendaagse tendens om die mens d.m.v. reglementering en allerlei konstruksies en praktyke steeds minder persoonlik verantwoordelik te hou vir sy beslissings, en sodoende ook sy menswaardigheid ernstig afskaal, beteken hierdie etiese metodiek dat die persoon in sy verhouding tot God juis tot die hoogste individuele verantwoordelikheid en menswaardigheid geroep word. Maar veral beteken hierdie metodiek ook dat die etiek nie uitgelewer word aan etiese metodisme nie. Hierdie metodiek het die vermoë om binne die grense van die gereformeerde mensebeskouing, die besondere etiese problema-

tiek, die normkarakter van die Skrif t.o.v. hierdie spesifieke problematiek, en die eksegetiese, dogmatiese en pastorale koördinate, telkens relevant te funksioneer sonder vrees vir relativisme.

### Samevattend

In die lig van veranderde tydseise en 'n sekere ensiklopediese klemverskuiwing het die etiek tans fakties 'n sterk apologetiese inslag verkry. Dit maak 'n hernude besinning oor die taak en opdrag van die etiek as teologiese vakdissipline noodsaaklik, waarby o.a. die volgende sake aandag moet ontvang:

1. Die verleidelike maar ongeoorloofde emansipasie van die etiek skep die gevaar van 'n verswakking van die band met die dogmatiek en die eksegeese. Hierteen sal die gereformeerde etiek sterk weerstand moet bied, veral omdat dit ook saamhang met die rol en gesag van die Skrif, wat met name by die etiek die gevaar loop om vervang te word deur imponerende tegnologiese en wetenskaplike bronne en redenasies.
2. Dit moet aanvaar word dat die etiek 'n waardevolle apologetiese rol kan speel en inderdaad  *nolens volens*  daartoe gedwing word. Aanvaar hy dit nie word hy direk dan die swak skakel en die bres in die muur van die verdediging van die Christelike geloof. Aanvaar hy dit wel, sal een van sy belangrike blywende opdragte wees die handhawing van die korrekte verband tussen normatiwiteit en rasionaliteit.
3. Die etiek sal daarmee óók moet aanvaar dat hy in die veld van multi- en interdissiplinêre samewerking die leidende rol sal moet vervul as die sentrale punt van integrasie, deurgang en stimulering.
4. In hierdie sterk verruiming van sy veld sal die etiek 'n vaste struktuur moet vind waarby die verskillende vakgebiede sinvolle aansluiting kan vind. Die aard van die moderne etiese problematiek het duidelik aangetoon dat dit primêr in die antropologie gevind sal moet word. Bo en behalwe hierdie feit is dit 'n opwindende ontdekking dat die snypunt van die problematiek tussen normatiwiteit en rasionaliteit juis midde in die antropologie gevind word.
5. Die bearbeiding van die verhouding tussen normatiwiteit en rasionaliteit is tans die belangrikste formele opdrag aan die etiek,

aangesien dit die terrein is waar die meeste etiese ongelukke gemaak word.

6. Die ware teenstelling is nie dié tussen norm en rede nie, maar tussen sonde en genade. Wanneer hierdie beginsel weer volop begin funksioneer in die etiese besinning sal dit almeer die moontlikheid skep om weg te kom van bloot intellektuele en skolastieke moets-en-moenie-speletjies. Etiek word dan 'n belangrike middel tot die verdieping van die geestelike lewe, die ontdekking van 'n persoonlike verantwoordelike en outentieke lewe *coram Deo*, 'n lewe wat nie langer deur oppervlakkige en skynheilige etiese meganismes en ontsnappingsmanoeuvres gemanipuleer en vervlak word nie.
7. 'n Verkeerde etiese metodologie kan egter al hierdie sake bedreig, en daarom is die vraag na die korrekte etiese metode van die aller-grootste belang. 'n Poging om dit te illustreer is aangepak t.o.v. die egskeidingsproblematiek.

#### LITERATUUR

- J. Becker, *Das Problem der Schriftgemässheit der Ethik*, in Handbuch der christlichen Ethik (HCE) Band I, Freiburg 1978, 243.
- H.J. Birkner, *Das Verhältnis von Dogmatik und Ethik*, in HCE I, 281.
- J. Douma, *Verantwoord Handelen*, Amsterdam 1980.
- J. Douma, *Voorbeeld of gebod*, Amsterdam 1973.
- Ch. Frey, *Die Bedeutung der säkularen Wissenschaften für die Ethik*, in HCE I, 297.
- J.M. Gustafson, *Theology and Ethics*, Oxford 1981.
- J.A. Heyns, *Teologiese Etiek I*, Pretoria 1982.
- A. Hertz, *Das Naturrecht*, in HCE I, 317.
- L. Honnfelder, *Die ethische Rationalität der Neuzeit*, in HCE I, 19.
- W. Huber, *Anspruch und Beschaffenheit theologischer Ethik als Integrationswissenschaft*, in HCE I, 391.
- W. Korff, *Theologische Ethik, Eine Einführung*, Freiburg 1979.
- P. Ramsey, *Basic Christian Ethics*, Chicago 1977.
- T. Rendtorff, *Theologische Problemfelder der christlichen Ethik*, in HCE I, 199.
- T. Rendtorff, *Ethik, Band I*, Stuttgart 1980.
- H. Stob, *Ethical Reflections*, Grand Rapids 1978.
- H. Thielicke, *Theological Ethics, Foundations*, Grand Rapids 1979.